## Leef jou Roeping – Ontdek jou Gawes kursus: LEIERSGIDS

(nav Network)

Sessie 1 – “Imagine a Church...”

Sessie 2 – Die doel van Gawes (The purpose of gifts)

Sessie 3 – Ontdek jou Gawes (The discovery of gifts)

**Sessie 4 – Die krag van Liefde (The power of love)**

Sessie 5 – Die invloed van Passie (The influence of passion)

Sessie 6 – Die belofte van Bediening (The promise of ministry)

### Inleiding – *notas vir leiers*

Die doel van hierdie handleiding is om vir leiers riglyne te gee vir kleingroepgesprekke oor die saak van gawes. Hierdie handleiding word saam met die Network participant guide (deelnemers-handleiding) gebruik. Die veronderstelling is dat elke groeplid ‘n deelnemers-handleiding het.
Daar word verwys na ‘n dvd, so ver moontlik is dit op youtube beskikbaar en gaan die links daarheen vir ingesluit word in die materiaal. Kyk dit asseblief – omdat dit die gesprek aanhelp.

**Nota 1:** Die bybelstudies na aanleiding van die eerste 2 preke van die reeks fokus baie sterk op God en hoe God is. Die bedoeling daarmee is baie duidelik dat ons nie kan weet wat ons roeping is, as ons nie eers baie mooi verstaan wie is die Een wat ons roep nie. Dit is God wat ons roep. En hierdie God is heilig (wwek 1) en HY werk kragtig (week 2). Ons moet nooit dink dat dit in gawes gaan oor hoe oulik ons is nie, want **dit gaan ten diepste oor God en wie Hy is**.

**Nota 2:** As ons oor gawes begin praat dan is die implikasie duidelik dat dit ten diepste daaroor gaan dat ons gawes kry om daarmee te dien en die liggaam van Christus op te bou – so weer gaan dit nie oor ons nie, **maar oor die liggaam – 1 Kor 12:1-7**

## **Sessie 3 – Die krag van Liefde (**The Power of Love)

**Inleiding**

Wat is die een saak wat jou tot dusver die meeste getref of aangespreek het?

**DIEN MET LIEFDE**

1 Korintiërs 12 handel oor die saak van dien in die kerk en hoe mense verskillende gawes gekry het om te dien. Die kerk word vergelyk met 'n liggaam wat al die verskillende funksies/gawes nodig het om normaal of gesond te funksioneer en te groei.

1 Korintiërs 13 word deur baie mense beskou as die Liefdes-hoofstuk in die Bybel en ons is lief om dit met troues te lees. Eintlik is hierdie hoofstuk nie vir verhoudings tussen mans en vrouens, ouens en meisies geskryf nie, maar vir hoe die kerk of gemeente veronderstel is om teenoor mekaar op te tree.
Paulus gebruik liefde as die maatstaf of die manier hoe ons mekaar moet dien en hoe ons moet dien.

**Lees 1 Korintiërs 13:1-3 (p 100 in werkboek)**

***Die punt waarby uitgekom moet word is: gawe sonder liefde het geen impak***

Geestelike gawes wat nie in liefde gedoen word nie

Reflekteer/wys nie wie God is nie

Het nie 'n koninkryks-impak nie

Lees **1 Korintiërs 13:4-8** en die lysie op p 101. Kan jy sê dat dit waar is van die manier waarop jy dien?

**DIENSKNEG-LEWE vs DIENSBAARHEID**

Dienskneg-lewe dien uit **LIEFDE** – *Ek wil God dien-* uit **gehoorsaamheid**, omdat ek vir die Here lief is...
Diensbaarheid dien uit **PLIG**, sonder liefde – *Ek moet God dien* – uit **verpligting**, want dit word van my verwag...

Lees deur die Tabel op p 102 om hierdie onderskeid duidelik te verstaan

**Matt 5:16** – Alles wat ons doen is om God te verheerlik
**Joh 13:35** – Mense sien in ons liefde vir mekaar of ons God se dissipels is - *nie in ons gawes nie (!)*

Saam gesels:

- Waarmee sukkel jy die meeste tov hierdie saak van dien?

- Watter een praktiese besluit wil jy neem oor dien?

**DIENSKNEG PROFIEL – PERSOONLIKE STYL**

Persoonlike styl het te doen met die manier waarop jy jou gawes uitleef – en sluit baie nou aan by jou persoolikheid en/of temperament

- Dit is God-gegewe
- Daar is nie 'n regte of verkeerde persoonlikheidstipe en styl nie.
- Persoonlike styl gaan oor die "Hoe vraag" – Hoe/In watter styl kan ek die beste dien?

PERSOONLIKE STYL BEPALING

Hierdie bepaling het te doen met die uitdaging vir ons elkeen oor ons gunsteling of gekose manier waarop ons gewoonlik teenoor die wêreld en mense reageer en optree. God maak ons verskillend. Die doel van hierdie bepaling, is om jou in staat te stel om te ontdek op watter manier jy van nature meer geneig is om te dien en jou gawes te gebruik.

- Lees die opdragte op p 107 van die werkboek

- Doen die bepaling op p 108-109

- Doen die oefening op p 110-111 en bepaal wat is jou persoonlike styl – Take of mense en ongestruktureerd of gestruktureerd.

**SAMEVATTING**
**Die kern gedagtes van die sessie was:**

- **Geestelike gawes wat sonder liefde beoefen word is geen refleksie van wie God is nie en het klein impak op die uitbou van die koninkryk van God**
- **Ons word uitgedaag om ons liefde openlik uit te leef.**
- **Ons persoonlike styl energeer ons en stel ons in staat om ons gawes effektief uit te leef, tweryl dit osn help om uit te vind hoe ons elkeen moet dien.**

**Afsluiting en saambid**
Dit sal goed wees om net 'n bietjie te reflekteer – en laat elke groeplid dalk net sê wat hulle die meeste getref het van die Bybelstudie.  Sluit die byeenkoms af met gebed.